

NASIENRIGLYNE

EKSAMEN		NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT
GRAAD		12
DATUM		MEI/JUNIE 2026
VAK		GESKIEDENIS
VRAESTEL		2
PUNTETOTAAL		150
TYDSDUUR (UUR)		3
AANTAL BLADSYE		27



SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE
SUID-AFRIKAANSE KOMPREENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

FINAAL GOEDGEKEURDE NASIENRIGLYNE

VERGADERINGSDATUM	
UMALUSI-MODERATOR	
HOOFNASIENER	
INTERNE MODERATOR	



1. BRONGEBASEERDE VRAE

1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

KOGNITIEWE VLAKKE	HISTORIESE VAARDIGHEDE	GEWIGTOE-KENNING VAN VRAE
VLAK 1	• Onttrek bewyse uit bronne. • Seleksie en organisering van relevante inligting uit bronne. • Definieer historiese konsepte/terme.	30% (15)
VLAK 2	• Interpretasie van bewyse uit bronne. • Verduidelik inligting wat uit bronne versamel is. • Ontleed bewyse uit bronne.	40% (20)
VLAK 3	• Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne. • Skakel met bronne om hul bruikbaarheid, betroubaarheid, vooroordeel en beperkings te bepaal. • Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe wat in bronne aangebied word en maak onafhanklike gevolgtrekkings.	30% (15)

1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word aan enige ander geldige en relevante standpunte, argumente, bewyse en/of voorbeelde.
- By die toekenning van punte moet klem gelê word op hoe die vereistes van die vraag aangespreek is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede wat aangespreek moet word) asook die vlak van die vraag in kursief aangedui.

1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae:

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord.
- Gee aandag aan die punteskema, bv. (2 x 2) wat na twee redes vertaal en elk twee punte kry (✓✓✓✓); (1 x 2) wat na een rede vertaal en twee punte kry (✓✓).
- As 'n vraag 4 punte dra, dui dan aan deur 4 regmerkies te plaas (✓✓✓✓).

1.4 By die nasien van vrae oor ondersteuning/ooreenkomste kan die antwoord wees:

- Dit wys/Dit dui aan/Beide bronne ...
- Maar in gevalle van verskille tussen bronne, moet die antwoord wees: In Bron A ..., maar in Bron B ...



1.5 PARAGRAAFVRAAG

Paragrafe moet globaal (holisties) geassesseer word. Beide die inhoud en struktuur van die paragraaf moet in ag geneem word wanneer 'n punt toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (●) by elke punt in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag aan te spreek.
- Lees die paragraaf weer om te evalueer tot watter mate die kandidaat relevante bewyse kon gebruik om 'n paragraaf te skryf.
- Dui aan die einde van die paragraaf die regmerkies (✓) wat aan die kandidaat vir die paragraaf toegeken is, aan asook die vlak (1, 2 of 3), soos aangedui in die holistiese rubriek en 'n kort opmerking, bv.

_____ ● _____ ● _____

_____ ● _____ ● _____

_____ ● _____ ● _____

✓✓✓✓

Vlak 2

- Meestal relevante bewyse is gebruik om 'n basiese paragraaf te skryf.

Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vraag en skryf dan die punt in die regterkantse kantlyn onder, bv.

32
50

- Maak seker dat die totale punt akkuraat na die voor-/agterblad van die antwoordskrif oorgedra word.

2. OPSTELVRAE

2.1 Die opstelvrae vereis van kandidate om:

- In staat te wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te struktureer. Hulle moet die relevante inligting selekteer, organiseer en verbande lê sodat hulle 'n redelike volgorde van feite, of 'n doeltreffende argument kan aanbied om die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde versameling bewyse, en 'n gevolgtrekking/afronding het.



2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet bewus wees dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by die sentrum gebruik word.
- Kandidate mag enige ander relevante inleiding en/of slot hê as dié wat in 'n spesifieke opstelnasienriglyn vir 'n spesifieke opstel ingesluit is.
- Wanneer oopeinde-brongebaseerde vrae geassesseer word, moet kandidate krediet vir enige ander relevante antwoorde kry.

2.3 Globale assessering van die opstel

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die algehele produk moet bepunt, sonder om die samestellende dele afsonderlik aan te teken. Hierdie benadering moedig die kandidaat aan om 'n individuele mening te gee deur geselekteerde feitelike bewyse te gebruik om 'n argument te ondersteun. Daar sal nie van die kandidaat verwag word om 'feite' bloot te herhaal om 'n hoë punt te behaal nie. Hierdie benadering ontmoedig kandidate om 'model'-antwoorde voor te berei en dit weer te gee sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van die opstel gee krediet aan kandidate se menings wat deur bewyse ondersteun word. Holistiese assessering, anders as inhoudgebaseerde nasien, penaliseer nie taalontoereikendheid nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie van 'n argument.
- Die toepaslike keuse van feitelike bewyse om so 'n argument te ondersteun.
- Die kandidaat se interpretasie van die vraag.

2.4 Assesseringsprosedures vir die opstel

2.4.1 Hou die sinopsis/oorsig in gedagte wanneer die opstel geassesseer word.

2.4.2 Tydens die eerste lees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt in die nasienriglyn/memorandum), elk van die hoofpunte/-aspekte wat behoorlik gekontekstualiseer is (ook aangedui deur kolpunte in die nasienriglyn/memorandum) en 'n relevante gevolgtrekking/afronding (aangedui deur 'n kolpunt in die nasienriglyn/memorandum), bv. in 'n antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar 7 regmerkies wees.



2.4.3 Die volgende bykomende simbole kan ook gebruik word:

- Inleiding, kernaspekte en slot nie behoorlik gekontekstualiseer nie

Λ

• Verkeerde stelling	_____
• Irrelevante stelling	
• Herhaling	R
• Analise	A ✓
• Interpretasie	I ✓

2.5 Die matriks

2.5.1 Gebruik die matriks in die nasien van die opstelle

By die nasien van opstelle moet die kriteria soos in die matriks verskaf, gebruik word.

Let op die inhoud en aanbieding wanneer u die opstel assesseer. By die snypunt van die inhoud en aanbieding gebaseer op die sewe bevoegdheidsvlakke, moet 'n punt toegeken word.

- (a) Die eerste lees van die opstel sal wees om te bepaal na watter mate die hoofaspekte gedek is en om die **inhoudvlak** (op die matriks) toe te ken.

C	VLAK 4	

- (b) Die tweede lees van die opstel sal verband hou met die vlak (op die matriks) van **aanbieding**.

C	VLAK 4	
P	VLAK 3	

- (c) Ken 'n algehele punt toe met die gebruik van die matriks.

C	VLAK 4	}26–27
P	VLAK 3	



GLOBALE ASSESSERING VAN OPSTELLE:

TOTALE PUNTE: [50]

AANBIEDING   INHOUD	VLAK 7	VLAK 6	VLAK 5	VLAK 4	VLAK 3	VLAK 2	VLAK 1
	Baie goed beplan en gestruktureer Goeie sintese van inligting. Het 'n oorspronklike, goed gebalanseerde en onafhanklike argumentasie met die gebruik van bewyse ontwikkel, die argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekkings word gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun.	Baie goed beplande en gestruktureer-de opstel. Het 'n relevante argumentasielyn ontwikkel en gebruik om die argument te verdedig. Pogings om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun.	Goed beplande en gestruktureerde opstel. Pogings om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit die bewyse om die argument te ondersteun.	Het 'n argument beplan en saamgestel. Bewyse word tot 'n mate gebruik om die argument te ondersteun. Gevolgtrekkings bereik op grond van bewyse.	Toon 'n paar bewyse van 'n beplande en gekonstrueerde argument. Pogings om 'n argument te handhaaf. Gevolgtrekkings nie duidelik deur bewyse ondersteun nie.	Pogings om 'n antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend, of 'n poging om 'n argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie.	Min of geen poging om die opstel te struktureer nie.
VLAK 7 Vraag is volledig beantwoord. Inhoudseleksie ten volle relevant tot die argument.	47–50	43–46					
VLAK 6 Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot die argumentasielyn.	43–46	40–42	38–39				
VLAK 5 Vraag in 'n groot mate beantwoord. Inhoud voldoende gedek en relevant.	38–39	36–37	34–35	30–33	28–29		
VLAK 4 Vraag is herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante inhoudseleksie.			30–33	28–29	26–27		
VLAK 3 Inhoudseleksie hou wel verband met die vraag, maar beantwoord dit nie, of hou nie altyd verband met die vraag nie. Weglatings in dekking.				26–27	24–25	20–23	
VLAK 2 Vraag onvoldoende aangespreek. Skraal inhoud.					20–23	18–19	14–17
VLAK 1 Vraag onvoldoende aangespreek of glad nie. Onvoldoende of irrelevante inhoud.						14–17	0–13

* Riglyne vir die toekenning van 'n punt vir VLAK 1.

- Vraag glad nie aangespreek nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om opstel te struktureer nie = 0
- Vraag sluit basiese en algemeen irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag onvoldoende aangespreek en vaag; geen poging om die opstel te struktureer nie = 7–13



	Vlak 1	Vlak 2	Vlak 3
	Onttrek bewyse uit bronne. Seleksie en organisering van relevante inligting uit bronne. Definieer historiese konsepte.	Interpretasie. Verstaan bron en skrywer se mening. Eenvoudige vergelyking. Verduidelik historiese konsepte.	Interpreteer en evalueer. Raak betrokke by bevooroordeeldheid, betroubaarheid, bruikbaarheid. Vergelyk en kontrasteer. Interpretasies.
KABV	30%	40%	30%
1.1.1	2		
1.1.2	1		
1.1.3		4	
1.1.4	2		
1.1.5	2		
1.2.1	2		
1.2.2	2		
1.2.3		2	
1.2.4		4	
1.2.5	1		
1.3.1	2		
1.3.2		4	
1.3.3			4
1.4.1		2	
1.4.2		4	
1.4.3			4
1.5			8
	28%	40%	32%
2.1.1	2		
2.1.2	2		
2.1.3		4	
2.1.4	2		
2.2.1	3		
2.2.2		2	
2.2.3		2	
2.2.4		4	
2.3.1		4	
2.3.2			4
2.3.3	1		
2.4.1		4	
2.4.2	2		
2.4.3	2		
2.5			4
2.6			8
	28%	40%	32%
3.1.1	2		
3.1.2	4		
3.1.3	2		
3.1.4		4	
3.2.1	2		
3.2.2		2	
3.2.3	2		
3.2.4		2	
3.2.5		4	
3.3.1	2		
3.3.2			4
3.4.1		4	
3.4.2 (a)		2	
3.4.2 (b)		2	
3.5			4
3.6			8
	28%	40%	32%



AFDELING A

VRAAG 1: MET WATTER POLITIEKE UITDAGINGS MOES PW BOTHA SE REGERING IN SUID-AFRIKA WORSTEL GEDURENDE DIE 1980's?

1.1

1.1.1 [Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – Vlak 1]

- "... was 'n artikel in die Februarie 1982-uitgawe van een van die party se spreekbuis, *Nat80*, waarin gestel is dat 'n staat net een regering kon hê". (1x2)(2)

1.1.2 [Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – Vlak 1]

- "... PW Botha ..." (1x1)(1)

1.1.3 [Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – Vlak 2]

- Botha het 'n Driekamerregering ingestel om kleurlinge en Indiërs verteenwoordiging in die wit regering te gee.
- Dit was nie regtig magsverdeling nie want swartes was nie daarin verteenwoordig nie.
- Botha het gehoop dat magsdeling vrede sal bring in Suid-Afrika maar geweld het toegeneem as gevolg van die verandering.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2x2)(4)

1.1.4 [Definieer 'n historiese konsep uit Bron 1A – Vlak 1]

- "Mense wat teen verandering was/bevoordeel sosiaal tradisionele idees". (1x2)(2)

1.1.5 [Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – Vlak 1]

- "... Treurnicht ..."
- "... Dr. Ferdi Hartzenberg ..." (2x1)(2)

(11)

1.2

1.2.1 [Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – Vlak 1]

- "... baie swart mense deur hierdie sogenaamde hervormings afgekoop en tevrede gestel sou word".
- "... sou weerstand afneem en blankes sou die mag kon behou". (Enige 1x2)(2)

1.2.2 [Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – Vlak 1]

- Vakbonde is nie toegelaat om te onderhandel met werkgewers oor lone en werksomstandighede nie. (1x2)(2)



1.2.3 [Definieer 'n historiese konsep uit Bron 1B – Vlak 2]

- Swart werkersorganisasies wat deur Botha se apartheidsregering gewettig is in die 1980's.
- Enige ander relevante antwoord.

(1x2)(2)

1.2.4 [Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – Vlak 2]

- Vakbonde is gewettig en erken deur die apartheidsregering maar mag geen onderhandelings gehad het nie.
- Hulle het beter werksomstandighede en lone geëis.
- Hulle het affiliasies van die UDF geword wat politieke regte vir die swart meerderheid geëis het.
- Hulle was teen Botha se hervormings wat verdeeldheid volgens rassegroepe in Suid-Afrika bevorder het.
- Enige ander relevante antwoord.

(Enige 2x2)(4)

1.2.5 [Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – Vlak 1]

- COSATU (Congress of South African Trade Unions)

(1x1)(1)

(11)

1.3

1.3.1 [Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – Vlak 1]

- "... hul arbeid weerhou"
- "... vermyding ..."
- "... nie die SAW in kennis stel van hul adresverandering nie"
- "... vrystellingsaansoeke"
- "... nie-registrasie ..."
- "... nie-aanmelding"
- "... afstand doen van Suid-Afrikaanse burgerskap"

(Enige 2x1)(2)

1.3.2 [Interpretasie van bewyse van Bron 1C – Vlak 2]

- Hulle was gekant teen die apartheidsregering.
- Hulle het nie Botha se hervormings verwelkom wat die swart meerderheid uitgesluit het nie.
- Hulle was moeg vir die moorde en geweld wat in die land versprei het.
- Hulle wou hê internasionale sanksies teen apartheid Suid-Afrika moet herroep word.
- Hul jong kinders is opgeroep om te veg vir die regering wat hulle nie ondersteun het nie.
- Enige ander relevante antwoord.

(Enige 2x2)(4)



1.3.3 *[Betroubaarheid van Bron 1C in historiese konteks – Vlak 3]*

Betroubaar

- Dit is gepubliseer deur UNISA, wat een van die betroubare universiteite in Suid-Afrika was.
- Dit bevat feite wat geverifieer kan word.
- Die skrywer van die bron, MW Phillips, is een van die historiese kundiges in Suid-Afrika.
- Dit wys dat daar wit Suid-Afrikaners was wat teen apartheid gekant was.
- Enige ander relevante antwoord.

(Enige 2x2)(4)

(10)

1.4

1.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – Vlak 2]*

- Botha het baie uitdagings in die gesig gestaar toe hy die apartheidsregering in die 1980's oorgeneem het.
- Die apartheidsregering kon nie die kritiek van binne en buite Suid-Afrika weerstaan nie.
- Die hervormings wat hy ingestel het, het die situasie in Suid-Afrika vererger.
- Botha het die twee noodtoestande ingestel wat nie die situasie kon kalmeer nie.
- Enige ander relevante antwoord.

(Enige 1x2)(2)

1.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – Vlak 2]*

- Botha het geglo in hul apartheidsregering wat nie volhoubaar was nie.
- Hy het probeer om apartheid te laat herleef deur hervormings maar dit het nie gewerk nie.
- Hy het sanksies, binnelandse geweld, en boikotte geïgnoreer om aan die wêreld te wys dat apartheid die regte regering vir Suid-Afrika was.
- Enige ander relevante antwoord.

(Enige 2x2)(4)

(6)



1.5 [Vergelyking van bewyse van Bronne 1C en 1D – Vlak 3]

- Bron 1C is 'n insiggewende bron en verduidelik hoe die liberale blankes hul ontevredenheid met militêre diensplig in Suid-Afrika getoon het, en Bron 1D is 'n spotprent wat Botha uitbeeld wat kla oor die uitdagings wat apartheid Suid-Afrika in die gesig staar.
- In Bron 1C trotseer die wit meerderheid verpligte diensplig wat deur Botha se apartheidswette ingestel is, en in Bron 1D hou Botha vas aan daardie politieke wette wat vir hom probleme in die land skep.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2x2)(4)

(4)

1.6 [Interpretasie, ontleding en sintese van bewyse uit die relevante bronne – Vlak 3]

Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- Toe PW Botha die apartheidsregering oorgeneem het as leier van die Nasionale Party, het hy baie politieke uitdagings geërf. (Eie kennis)
- Die NP-verdeling het in Februarie 1982 gebeur, want sy regering het geglo in een regering vir die land. (Bron 1A)
- Hy het die Driekamerparlement ingestel (eie kennis), dit het plek gemaak vir die kleurlinge en Indiërs. (Bron 1A)
- Treurnicht en dr. Ferdi Hartzenberg bedank uit die NP (Bron 1A) en het die Konserwatiewe Party gestig. (Bron 1A)
- Botha se wettiging van die swart vakbonde in 1979 het aan die swart industriële werkersmag 'n stem gegee. (Bron 1B)
- Verskillende swart vakbonde het saamgesmelt en COSATU (Congress of South African Trade Unions) gestig, om meer mag teen die regering te hê. (Bron 1B)
- In 1985 het Botha hervormings belowe as gevolg van die voortdurende geweld in die land, die Rubicon-toespraak is 'n voorbeeld hiervan. (Eie kennis)
- Die hervormings wat hy ingestel het, het slegs kleurlinge en Indiërs 'n vorm van verteenwoordiging in 'n wit parlement gegee. (Bron 1A)
- Liberale blankes was ook nie gelukkig met die militêre diensplig binne die SAW nie. (Bron 1C)
- Hulle het diensplig weerstaan deur vermyding, nie-registrasie, nie-nakoming, deur nie die SAW in kennis te stel van adresveranderings nie, of selfs deur afstand te doen van hul burgerskap. (Bron 1C)
- Die Verenigde Demokratiese Front (UDF) het 'n massiewe landwye veldtog teen die Driekamerparlement van stapel gestuur. (Eie kennis)
- Geweld het by baie geleenthede uitgebreek, en die regering het gereageer deur 'n tweede noodtoestand te verklaar wat vir 'n groot deel van die 1980's geduur het. (Eie kennis)
- Rollende massa-aksie het enorme momentum gekry, en Botha het dit gesien as deel van 'n 'totale aanslag' van magte wat Suid-Afrika wou vernietig. (Eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord.



Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

VLAK 1	• Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse bv. toon geen of min begrip van hoe Botha gedurende die 1980's met politieke uitdagings in Suid-Afrika geworstel het. • Gebruik bewyse gedeeltelik om 'n paragraaf oor die onderwerp te skryf of kan nie 'n paragraaf oor die onderwerp skryf nie.	Punte: 0–2
VLAK 2	• Bewyse is meestal relevant en hou verband met die onderwerp bv. toon 'n mate van begrip van hoe Botha gedurende die 1980's met politieke uitdagings in Suid-Afrika geworstel het. • Gebruik bewyse op 'n baie basiese manier om 'n paragraaf te skryf.	Punte: 3–5
VLAK 3	• Gebruik relevante bewyse bv. wat 'n deeglike begrip toon van hoe Botha gedurende die 1980's met politieke uitdagings in Suid-Afrika geworstel het. • Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat begrip van die onderwerp aandui.	Punte: 6–8

(8)

TOTAAL VRAAG 1: [50]



VRAAG 2: WAS DIE WAARHEID-EN-VERSOENINGKOMMISSIE (WVK) SUKSESVOL IN HUL HANTERING VAN DIE SLUIPMOORDSAAK OP MLUNGISI GRIFFITHS MXENGE?

2.1

2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – Vlak 1]*

- “... In 1981 is Mxenge vermoor deur die apartheidsdoodsbrigade ...”
- “... Hy is ontvoer voordat die doodsbrigade hom 45 keer gesteeek ...” (2x1)(2)

2.1.2 *[Definieer historiese terminologie uit Bron 2A – Vlak 2]*

- Die moord op ’n belangrike persoon.
- Moord deur skielike of geheime aanval, dikwels om politieke redes.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1x2)(2)

2.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – Vlak 2]*

- Die WVK was van mening dat hy die sluipmoord ten volle bekend gemaak het, wat een voorwaarde was om amnestie toegestaan te word.
- Die sluipmoord was polities gemotiveerd omdat Mxenge ’n lid van die ANC en ’n aktivis was.
- Enige ander relevante antwoord. (2x2)(4)

2.1.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – Vlak 1]*

- “... lid van die African National Congress (ANC)”
- “... ’n Suid-Afrikaanse anti-apartheidsaktivis” (2x1)(2)

(10)

2.2

2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – Vlak 1]*

- “Dirk Coetzee”
- “David Tshikalange”
- “Butana Almond Nofomela” (3x1)(3)

2.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – Vlak 2]*

- Die WVK was nie oortuig dat Dirk Coetzee die een was wat bevele vir die sluipmoord gegee het nie.
- Die oortreders het nie sonder enige hoë-profiel nie, want die apartheidsregime wou alle opposisie uitskakel.
- Enige ander relevante antwoord. (1x2)(2)



2.2.3 [Definieer 'n historiese konsep met bewyse uit Bron 2B – Vlak 2]

- Die WVK het ten doel gehad om enige oortreder van growwe menseregteskendings tydens apartheid (van 1960–1990) te vergewe.
- Die oortreder moet voor die WVK verskyn, 'n volledige openbaarmaking van die oortreding maak, en die daad moet polities gemotiveerd wees.
- Enige ander relevante antwoord.

(1x2)(2)

2.2.4 [Interpretasie van bewyse van Bron 2B – Vlak 2]

- Omdat die WVK amnestie aan die oortreders toegestaan het.
- Volgens die Versoeningswet, as die WVK tevrede was dat die waarheid vertel is en die misdaad polities gemotiveerd was en amnestie toegestaan is, sou die saak nie weer geopen word nie.
- Enige ander relevante antwoord.

(Enige 2x2)(4)

(11)

2.3

2.3.1 [Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – Vlak 2]

- Die spotprent wys dat die hel op Coetzee gewag het, aangesien daar gedurende sy leeftyd na hom verwys is as 'n moordenaar.
- Hy sou pyn hê, net soos die mense wat hy vermoor het.
- Hy kry nou sy vonnis, wat hy nie gekry het toe hy gelewe het nie.
- Enige ander relevante antwoord.

(Enige 2x2)(4)

2.3.2 [Toets betroubaarheid van bewyse van Bron 2C – Vlak 3]

Nie betroubaar nie

- Die bron is in Maart 2013 lank ná die WVK gepubliseer.
- Dit is 'n spotprent wat ná Coetzee se dood geteken is.
- Die inhoud kan nie vertrou word nie, want dit is wensdenkery – dit is nie op die werklikheid gebaseer nie.
- Enige ander relevante antwoord.

Betroubaar

- Diegene wat glo in ervarings ná die dood sal geregverdig word.
- Daar is tydens die WVK ontdek dat hy mense vermoor het.
- Enige ander relevante antwoord.

(Enige 2x2)(4)

2.3.3 [Onttrekking van bewyse uit bron 2C – Vlak 1]

- "... Maart 2023 ..."

(1x1)(1)

(9)



2.4

2.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – Vlak 2]*

- Dit is uitgevoer deur die apartheidsregering wat na bewering die misdaad gepleeg het.
- Die apartheidsregering het die misdaad verberg, en die waarheid is ook toegesmeer om hoëprofielmense wat betrokke was, te beskerm.
- Hulle wou die integriteit van die apartheidsregering beskerm.
- Enige ander relevante antwoord.

(Enige 2x2)(4)

2.4.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – Vlak 1]*

- "... Die Harms-kommissie ..."
- "... die Waarheid-en-Versoeningskommissie (WVK) ..."

(2x1)(2)

2.4.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – Vlak 1]*

- "...sekere kritieke inligting nie aan die WVK en die aanvanklike geregtelike doodsondersoek voorgelê is nie ..."
- "... in belang van geregtigheid"

(2x1)(2)

(8)2.5 *[Vergelyking van inligting in Bronne 2B en 2D – Vlak 3]*

- Albei bronne handel oor die sluipmoord op Griffiths Mxenge in November 1981.
- Albei bronne betrek Dirk Coetzee en sy medepligtiges vir die moord.
- In beide bronne is daar twyfel oor wie die bevel gegee het om dood te maak (Bron 2B), daarom eis Lamola dat die geregtelike doodsondersoek geopen word. (Bron 2D)
- Enige ander relevante antwoord.

(2x2)(4)

(4)



2.6 [Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – Vlak 3]

Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- Die 1980's was die gewelddadigste tyd in die geskiedenis van Suid-Afrika. (Eie kennis)
- Griffiths Mxenge is vermoor deur die doodsgroep onder leiding van Dirk Coetzee. (Bronne 2A en 2B)
- 'n Geregtelike doodsondersoek deur die apartheidsregering kon nie die moordenaars vasstel nie. (Bron 2D)
- Mxenge is vermoor omdat hy 'n lid van die verbode ANC en 'n anti-apartheidsaktivis was. (Bron 2A)
- In 1989 het Nofemela, 'n lid van Coetzee se doodsgroep, erken dat hy Mxenge vermoor het. (Bron 2A)
- In 1998 het Coetzee by die WVK om amnestie aansoek gedoen vir die moord op Mxenge. (Bron 2B)
- Coetzee is amnestie toegestaan vir die moord, saam met Nofemela en Tshikalange. (Bron 2B)
- Sommige gesinne wag nog om die hele waarheid oor die dood van hul geliefdes te weet. (Eie kennis)
- Volgens die finale verslag van die WVK het aartsbiskop Desmond Tutu bevind dat dit moeilik is om die slagoffers en die oortreders te versoen. (Eie kennis)
- Lamola eis dat die saak heropen word, selfs ná Coetzee se dood in 2013. (Bron 2D)
- Enige ander relevante antwoord.

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

VLAK 1	• Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse, bv. toon geen of min begrip of die Waarheid-en-versoeningskommissie (WVK) suksesvol was in die hantering van die sluipmoordsaak van Griffiths Mxenge. • Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie.	Punte: 0–2
VLAK 2	• Bewyse is meestal relevant en hou verband met die onderwerp bv. toon 'n mate van begrip of die Waarheid-en-versoeningskommissie (WVK) suksesvol was in die hantering van die sluipmoordsaak van Griffiths Mxenge. • Gebruik bewyse op 'n baie basiese manier om 'n paragraaf te skryf.	Punte: 3–5
VLAK 3	• Gebruik relevante bewyse bv. wat 'n deeglike begrip toon of die Waarheid-en-versoeningskommissie (WVK) suksesvol was in die hantering van die sluipmoordsaak van Griffiths Mxenge. • Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat begrip van die onderwerp aandui.	Punte: 6–8

(8)

TOTAAL VRAAG 2: [50]



VRAAG 3: HOE BEÏNVLOED VOEDSELSEKERHEID EN VOEDING DIE GEGLOBALISEERDE WÊRELD IN DIE 21^{ste} EEU?

3.1

3.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – Vlak 1]*

- “betroubare voedseltoegang tot voldoende hoeveelheid bekostigbare, voedsame voedsel”
- Enige ander relevante antwoord.

(1x2)(2)

3.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – Vlak 1]*

- “... droogtes en vloede”
- “... skeepvaartonderbrekings”
- “... brandstoftekorte”
- “... ekonomiese onstabiliteit”
- “... oorloë”

(Enige 4x1)(4)

3.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – Vlak 1]*

- “... beskikbaarheid”
- “... toegang”
- “... benutting ...”
- “... stabiliteit”

(2x1)(2)

3.1.4 *[Interpretasie van bewyse van Bron 3A – Vlak 2]*

- Lande moenie ander verhoed om toegang tot voedsel te kry tydens konflikte nie.
- Voedseltoegang moenie as ’n strafinstrument gebruik word teen lande wat nie aan globale beginsels voldoen nie.
- Voedselsanksies benadeel nie die regerings nie, maar gewone burgers.
- Enige ander relevante antwoord.

(Enige 2x2)(4)

(12)

3.2

3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – Vlak 1]*

- Dit fokus op die verergerende voedselsekerheidskrisis.
- Om wêreldhonger te beëindig.

(Enige 1x2)(2)

3.2.2 *[Interpretasie van bewyse van Bron 3B – Vlak 2]*

- ’n Jaarlikse vergadering van wêreldlande om die voedselsekerheidskrisis aan te spreek.
- Enige ander relevante antwoord.

(1x2)(2)



3.2.3 [Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – Vlak 1]

- “... konflik”
- “... klimaatkrisis ...”

(2x1)(2)

3.2.4 [Interpretasie van bewyse van Bron 3B – Vlak 2]

- Lande met genoeg kos moet ander help wat voedseltekorte ervaar.
- Enige ander relevante antwoord.

(1x2)(2)

3.2.5 [Interpretasie van bewyse van Bron 3B – Vlak 2]

- Oekraïne is die grootste verskaffer van graan ter wêreld, tydens hierdie oorlog kan boere nie op hul grond werk nie/daar is geen produksie nie.
- Handel met Oekraïne en Rusland is beperk vir veiligheidsdoeleindes.
- Die pryse van spesifieke goedere het vermeerder.
- Tekorte aan sekere goedere.
- Enige ander relevante antwoord.

(Enige 2x2)(4)

(12)

3.3

3.3.1 [Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – Vlak 1]

- “... uitbreiding van maatskaplike beskerming”
- “... bevordering van produktiwiteit”
- “... klimaat slim landbou”

(Enige 2x1)(2)

3.3.2 [Toets betroubaarheid van bewyse van Bron 3C – Vlak 3]

- Dit is onlangs opgedateer/16 Desember 2024.
- Bevat feite wat geverifieer kan word.
- Dit is saamgestel namens die Wêreldbank, wat 'n betroubare organisasie in die wêreld is.
- Enige ander relevante antwoord.

(Enige 2x2)(4)

(6)

3.4

3.4.1 [Interpretasie van bewyse van Bron 3D – Vlak 1]

- Om te wys hoe voedselonsekerheid oor die hele wêreld versprei word.
- Dit wys dat die Suidelike Halfrond meestal voedselonseker is in vergelyking met die Noordelike Halfrond.
- Europa en Noord-Amerika ervaar meer voedselosekerheid as die ander.
- Enige ander relevante antwoord.

(Enige 2x2)(4)



3.4.2 [Interpretasie van bewyse van Bron 3D – Vlak 2]

- a) Die meeste lande in die omgewing is onderontwikkeld. (1x2)(2)
- b) Dit word geklassifiseer as 'n onderontwikkelde gebied waar die wêreld se armste lande gevind word. (1x2)(2)

(8)

3.5 [Vergelyking van Bronne 3C en 3D – Vlak 3]

- Bron 3C wys hoe die Wêreldbank voedselonsekerheid aanspreek, en Bron 3D wys hoe voedselonsekerheid oor die wêreld versprei word.
- Bron 3C is 'n narratief, terwyl Bron 3D 'n grafiek is wat geïnterpreteer moet word.
- Enige ander relevante antwoord. (2x2)(4)

3.6 [Interpretasie, ontleding en sintese van bewyse uit die relevante bronne – Vlak 3]

Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- Voedselsekerheid en voeding is wanneer individue toegang het tot volhoubare voorraad voedsame voedsel. (Bron 3A)
- Voedselvoorsiening kan beïnvloed word deur droogtes en vloede, skeepvaartonderbrekings, brandstoftekorte, ekonomiese stabiliteit en oorloë. (Bronne 3A en 3B)
- Voedseltoegang kan nie as 'n strafmaatreël gebruik word vir lande wat nie aan wêreldbeginsels voldoen nie. (Bron 3A)
- Op 20 November 2023 is die Voedselsekerheidsberaad in Londen (VK) gehou om voedselonsekerheid en wanvoeding te pak. (Bron 3B)
- Die inval in Oekraïne deur Poetin het die wêreldwye voedselvoorraad beïnvloed. (Bron 3B)
- Die Wêreldbank identifiseer en verleen hulp aan lande wat hongerte in die gesig staar met die hulp van FAO, IMF en WHO. (Bron 3C)
- 'Hunger Again' wys die verspreiding van voedselonsekerheid oor die wêreld. (Bron 3D)
- Die Suidelike Halfrond ervaar groter voedseltekorte as lande in die Noordelike Halfrond. (Bron 3D)
- Afrika suid van die Sahara en Asië word die meeste deur voedselonsekerheid geraak. (Bron 3D)
- Noord-Amerika en Europa is die veiligste met voedselvoorsiening. (Bron 3D)
- Die Suid-Afrikaanse regering gebruik fondse van die Wêreldbank om tydens middagete kos aan minderbevoorregte leerders in skole te verskaf. (Eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord.



Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

VLAK 1	• Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse bv. toon geen of min begrip oor hoe voedselsekerheid die geglobaliseerde wêreld in die 21^{ste} eeu beïnvloed het. • Gebruik bewyse gedeeltelik om 'n paragraaf oor die onderwerp te skryf of kan nie 'n paragraaf oor die onderwerp skryf nie.	Punte: 0–2
VLAK 2	• Bewyse is meestal relevant en hou verband met die onderwerp bv. toon 'n mate van begrip oor hoe voedselsekerheid die geglobaliseerde wêreld in die 21^{ste} eeu beïnvloed het. • Gebruik bewyse op 'n baie basiese manier om 'n paragraaf te skryf.	Punte: 3–5
VLAK 3	• Gebruik relevante bewyse bv. wat 'n deeglike begrip toon oor hoe voedselsekerheid die geglobaliseerde wêreld in die 21^{ste} eeu beïnvloed het. • Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat begrip van die onderwerp aandui.	Punte: 6–8

(8)

TOTAAL VRAAG 3: [50]



AFDELING B: OPSTELLE

VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

Druk van die Swart Bewussynsbeweging (SBB) in die 1960's en 1970's het die apartheidsregering in Suid-Afrika gedwing om ineen te stort.

Stem jy saam met hierdie stelling? Staaf jou argument met relevante feite.

[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument gebaseer op relevante bewyse met behulp van analitiese en interpretatiewe vaardighede.]

SINOPSIS

Kandidate moet saamstem of nie saamstem met die stelling nie. As hulle met die stelling saamstem, moet hulle verduidelik hoe druk van die Swart Bewussynsbeweging (SBB) apartheid uitgedaag het.

KERNASPEKTE

Kandidate kan die volgende aspekte in hul opstelle insluit:

Inleiding: Kandidate moet saamstem of nie saamstem nie dat die filosofie van Swart Bewussynsbeweging (SBB) die apartheidsregering in die 1960's en 1970's uitgedaag het.

UITBREIDING

- Politieke vakuum is geskep nadat ANC en PAC politieke leiers en partye in 1960 verbied of gevange geneem is.
- Die SBB gee swartes trots en selfvertroue om die apartheidstaat uit te daag.
- Om hulself te aanvaar, selfvertroue, selfstandigheid en 'n gevoel van identiteit te hê.
- Swartes is bemagtig om die gees van selfbejammering, minderwaardigheidskompleks, selfvervreemding en oorheersing deur eksterne magte te verwerp.
- Aanvanklik het die apartheidsregering die Swart Bewussynsbeweging (SBB) aanvaar as 'n uitbreiding van die beleid van afsonderlike ontwikkeling.

Politieke aktiwiteite

- Swart studente het hulself georganiseer om wit oorheersing te weerstaan deur weg te breek van NUSAS en in 1968 SASO te stig.
- Deur Biko se invloed (SASO) het swart studente die filosofie van Swart Bewussyn aangeneem.
- Die Suid-Afrikaanse Studentebeweging (SASM) was vir hoërskole en SASO was vir universiteitstudente.
- Swart Bewussyn (SB) het gelei tot die stigting van die Black Peoples Convention (BPC), in 1972 wat kerke, gemeenskappe en vakbonde betrek het.
- Werkersvakbonde wat met die SBB belyn is, sluit in Black Workers' Union (BAWU) en Black Parents' Association.
- SASM is in 1972 gestig wat swartes blootgestel het aan die ideale van SB.



- Tiro se skorsing het tot studente se protes gelei.
- Die SBB en SASO het FRELIMO-byeenkomste in 1974 gereël.
- Baie studente is van universiteite regoor die land geskors.
- Biko se inhegtenisneming het gelei tot verhoogde politieke aktivisme.

Studente se aktiwiteite

- Bantoe-onderdig het Afrikaans as 'n verpligte onderrigtaal in skole ingestel.
- SASO en SASM het die stigting van Soweto Student Representative Council (SSRC) beïnvloed.
- Beide swart onderwysers en studente het Afrikaans as 'n taal van die onderdrukker verwerp.
- Onderwysers en studente is reeds blootgestel aan Biko se idees van universiteite.
- Die departementele omsendbrief oor Afrikaans (50/50) het die Soweto-opstand veroorsaak.
- Op 16 Junie 1976 het studente vreedsaam betoog teen die implementering van die omsendbrief.
- Die polisie se reaksie op die betoging was hard, en in die proses was 'n 13-jarige Hector Peterson een van die eerste slagoffers van polisiegeweld.

Gemeenskapsprogramme

- Biko se verbanning na King Williams Town het gelei tot mobilisering deur gemeenskapsprogramme.
- SBB het onafhanklikheid van blankes bevorder deur swart gemeenskapsprogramme om swartes sonder wit hulp te ondersteun (Zanempilo Health Clinic, Ginsburg Educational Trust, Zimele Trust Fund, Solempilo Community Health Centre, Ithuseng Community Health Programme en Winter School Projects).

Arbeidsaktiwiteite

- SBB het werkers gemobiliseer om vakbonde te stig.
- SBB was invloedryk in die stigting van die Black Allied Workers Union. (BAWU) – werkerstaking in Durban in 1973.
- Op 19 Oktober 1977 is alle organisasies wat in lyn was met die SBB verbied.

Die media

- Die media was simpatiek teenoor SBB-filosofie.
- Die koerante *The World* en *The Weekend World* was gesluit.
- Enige ander relevante reaksie.

SLOT

Kandidate moet hul argument met 'n relevante gevolgtrekking opsom.

(50)



VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

Verduidelik tot watter mate geweld, wantroue en spanning tussen die politieke leiers gedurende die onderhandelinge vir 'n demokratiese Suid-Afrika in die 1990's, die ontstaan van 'n nuwe Suid-Afrika ontspoor het.

Gebruik relevante geskiedkundige bewyse om jou argument te ondersteun.

[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument gebaseer op relevante bewyse met behulp van analitiese en interpretatiewe vaardighede.]

SINOPSIS

Kandidate moet verduidelik tot watter mate geweld, wantroue en spanning tussen Suid-Afrikaanse rolspelers die weg vir 'n nie-rassige demokratiese Suid-Afrika ontspoor het.

KERNASPEKTE

Kandidate kan die volgende aspekte in hul opstelle insluit:

Inleiding: Kandidate moet verduidelik tot watter mate geweld, wantroue en spanning tussen belangrike Suid-Afrikaanse rolspelers die weg vir 'n nie-rassige demokratiese Suid-Afrika ontspoor het. Hulle moet ook aandui hoe hulle hul argument sal ondersteun.

UITBREIDING

- **De Klerk** kom in 1989 aan bewind – kort agtergrond.
- De Klerk se toespraak in die parlement – 2 Februarie 1990.
- Die ontbanning van politieke en burgerlike organisasies soos die ANC en SAKP.
- De Klerk verwyder alle beperkings op COSATU en AZAPO.
- De Klerk se besluit om Mandela op 11 Februarie 1990 uit die tronk vry te laat, het die weg gebaan vir onderhandelinge.
- **Mangosuthu Buthelezi** en Inkatha was betrokke by die geweld wat in April 1990 in Sebokeng uitgebreek het.
- Groote Schuur Minuut – 2 Mei 1990 ANC en NP ontmoet, met die ANC-afvaardiging gelei deur **Nelson Mandela**, en die NP-afvaardiging gelei deur **FW de Klerk**.
- Pretoria Minuut – 6 Augustus 1990 – ANC het ingestem om die gewapende stryd op te skort.
- Derde Mag dwing geweld in Natal tussen Inkatha, die ANC en die apartheidsregering.
- Die politieke leiers het die Nasionale Vredesooreenkoms onderteken – 27 organisasies in Suid-Afrika het die ooreenkoms onderteken.
- KODESA 1 – 19 politieke partyleiers, uitgesluit AZAPO-, CP- en PAC/300-afgevaardigdes, het dit bygewoon.
- Geweld breek uit in sommige dele van die land soos Transvaal en Natal.
- Die Verklaring van Voorneme (Declaration of Intent) (20 Desember 1991) – politieke leiers het ingestem om 'n nuwe grondwet op te stel en 'n tussentydse regering te vorm.
- **De Klerk** roep 'n blanke referendum uit en die impak daarvan – Maart 1992.



- KODESA 2 – 2 Mei 1992 – in duie gestort. Partyleiers kon nie ooreenkom oor 'n nuwe grondwetmakende liggaam en tussentydse regering nie.
- Die leierskap van die Nasionale Party wou minderheid vetoreg hê, terwyl die ANC-leierskap 'n tussentydse regering vir hoogstens 18 maande en 'n eenvoudige meerderheidsregering eis.
- Boipatong-slagting en die gevolge daarvan (17 Junie 1992).
- Die Bisho-slagting, wat na bewering deur brigadier Oupa Gqozo, die leier van Ciskei, beveel is, het die proses van onderhandelinge ontpoor (7 September 1992).
- ANC-leierskap het 'n beroep gedoen op rollende massa-aksie (Mei 1992) teen die NP.
- Weerstand van die Besorgde Suid-Afrikaners Groep (COSAG) – Oktober 1992.
- Memorandum van Verstandhouding (Record of Understanding) onderteken op 26 September 1992 **tussen Roelf Meyer** (NP) en **Cyril Ramaphosa** (ANC).
- Sluipmoord op Chris Hani deur Janusz Walus en die leier van die Konserwatiewe Party (KP), Derby-Lewis (10 April 1993) en die impak daarvan op Suid-Afrika.
- Mandela vra kalmte en vrede tydens 'n televisietoespraak.
- **Regse (AWB)** aanval op Wêreld Handelsentrum en die gevolge daarvan – 19 Junie 1993.
- St James-slagting deur APLA – Julie 1993.
- Heidelberg-taverneslagting deur APLA – Desember 1993.
- Veelparty-onderhandelingsforum.
- Die Sonsondergangklousule (Sunset Clause) wat deur **Joe Slovo** ingestel is, het die onderhandelingsdooiepoint verbreek.
- Shell House-slagting en die gevolge daarvan – Maart 1994.
- Politieke leiers het ooreengekom op 'n verkiesingsdatum – 27 April 1994 aangekondig.
- Voortgesette geweld regdeur verkiesings – motorbom buite ANC-hoofkantore.
- ANC het verkiesings gewen **en Mandela het** die eerste swart Suid-Afrikaanse president geword.
- Enige ander relevante antwoord.

SLOT

Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante gevolgtrekking.

(50)



VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

Bespreek krities hoe die hervormings van Gorbachev gelei het tot die disintegrasië van die Sowjetunie en die ondergang van apartheid in Suid-Afrika.

Gebruik relevante geskiedkundige bewyse om jou argument te ondersteun.

[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument gebaseer op relevante bewyse met behulp van analitiese en interpretatiewe vaardighede.]

SINOPSIS

Kandidate moet krities bespreek hoe hervormings wat Mikhail Gorbachev in die 1980's in die Sowjetunie ingestel het, gelei het tot die ineenstorting van kommunisme in 1991 en die ondergang van apartheid in Suid-Afrika.

KERNASPEKTE

Kandidate kan die volgende aspekte in hul opstel insluit:

Inleiding: Kandidate moet krities bespreek hoe die hervormings wat Mikhail Gorbachev in die 1980's in die Sowjetunie ingestel het, gelei het tot die ineenstorting van kommunisme in 1991 en die ondergang van apartheid in Suid-Afrika. Hulle moet ook aandui hoe hulle hul argument sal ondersteun.

UITBREIDING

- Mikhail Gorbachev het hervormings ingestel.
- Gorbachev se beleid van Glasnost en Perestroika en die impak daarvan.
- Gorbachev se hervormings lei tot die ineenstorting van die Sowjetunie.
- Hervormings het 'n groot uitwerking op die Sowjetunie, Oos-Europa en Suid-Afrika gehad.
- **Die Sowjetunie** is nie meer as 'n supermoondheid beskou nie, wat die VSA as die wêreld se enigste supermoondheid gelaat het en Suid-Afrika het die effek hiervan gevoel.
- Baie kommunistiese regimes in Oos-Europese lande is in 1989 omvergewerp weens Gorbachev se hervormings.
- Die val van die Berlynse Muur in November 1989 en die impak daarvan.
- Baie geharde kommuniste was ontevrede met beleid wat ongewild geword het.
- Tuis het hy twee soorte teenstanders gehad: onbuigsames wat teen die hervormings gekant was en liberale wat hom gekritiseer het omdat hy nie vinnig genoeg beweeg het nie.
- Die twee beleide het mekaar nie ondersteun nie, maar het die hele stelsel van die Sowjetunie beëindig.
- Hy het tuis steun verloor – Eenheid van die Sowjetunie was in gevaar en sosialisme is bedreig.
- Hy het 'n heldestatus gehad in die Weste. Sy persoonlike mag en aansien het toegeneem. Hy het in 1990 'n Nobel-vredesprys verwerf.



- Verskeie onderliggende verskille bestaan tussen die 15 republieke.
- Burgerlike onrus het tussen verskillende groepe uitgebreek.
- Ou vorme van nasionalisme ontstaan en lei tot vraag na onafhanklikheid.
- Hy probeer om die verbroekeling te stop deur voor te stel hulle vorm 'n Federasie van State – dit misluk.
- In 1990 het verskeie Sowjetstate, waaronder Rusland onder Gorbachev se teenstander, Boris Yeltsin, hulle onafhanklikheid verklaar.
- Op 25 Desember 1991 is die USSR ontbind en die Kommunistiese Party ontbind.
- Elk van die 15 republieke het onafhanklik geword en lede van die Gemenebes van Onafhanklike State geword.
- Die verbroekeling van die Sowjetunie simboliseer die einde van die Koue Oorlog.
- Die VSA en sy bondgenote kon nie meer voortgaan om die apartheidsregime te ondersteun nie.
- Die Weste plaas nou druk op die NP om met die ANC te onderhandel of voortgesette sanksies in die gesig te staar.
- Die ineenstorting van die Sowjetunie het druk op beide die NP en die ANC geplaas om met onderhandelinge te begin.
- Die nederlaag van die SAW tydens die Slag van Cuito Cuanavale in 1988 het die NP aangespoor om onderhandelinge met kommuniste oor die onafhanklikheid van Suid - Wes Afrika te begin.
- Suid-Afrika het uit Suidwes-Afrika onttrek – SWAPO het die verkiesing (1990) gewen en dit herdoop tot Namibië.
- Hierdie vreedsame oorgang van wit minderheidsregering na swart meerderheidsregering in Namibië het as 'n bloudruk vir SA gedien om dieselfde 'bydraende faktor' te wees.
- Dit het duidelik geword dat die NP-regering nie die wit oppergesag onbepaald kon handhaaf nie (bydraende faktor).
- Invloedryke NP-lede het begin besef dat apartheid nie die antwoord tot die ontwikkeling van 'wit' ekonomiese belange was nie (bydraende faktor).
- Die regering het begin glo dat hervorming nodig was om die ontwikkeling van 'n sterk swart middelklas in te sluit wat as 'n 'buffer teen rewolusie' sou dien.
- Die Suid-Afrikaanse regering kon nie meer die bedreiging van kommunisme gebruik om Westerse steun te genereer nie.
- Suid-Afrika kon nie meer op Westerse steun staatmaak vir sy 'anti-kommunistiese' standpunt nie.
- Wêreldpolitiek het verander en dit het 'n impak op Suid-Afrika se apartheidsbeleid gehad.
- Die apartheidsregime kon nie meer kommunisme gebruik om sy beleid van rassese segregasie te regverdig nie.
- Die Nasionale Party se bewering dat hy Suid-Afrika teen 'n kommunistiese aanslag beskerm, het onrealisties geword.
- De Klerk het gedink dat die ANC swak sou wees en het sy bereidwilligheid getoon om met die ANC te onderhandel.
- Die Sowjetunie kon die ANC nie meer finansiële ondersteun nie, aangesien dit bankrot was.



- Die Sowjetunie sou die ANC nie meer met wapens ondersteun nie, aangesien dit vreedsame onderhandelinge verkies het.
- Die ANC kon nie die gewapende stryd teen die NP voortsit sonder hierdie militêre en finansiële steun nie.
- Die ANC het nou ook bereidwilligheid getoon om met NP te onderhandel as 'n alternatief vir die gewapende stryd.
- FW de Klerk het begin aanvaar dat die swart stryd teen apartheid nie 'n sameswering was wat vanuit Moskou gerig is nie.
- Dit het De Klerk in staat gestel om met die bevrydingsorganisasies in gesprek te tree om 'n blywende oplossing vir Suid-Afrika te vind.
- Op 2 Februarie 1990 het De Klerk die verbod op alle anti-apartheidsorganisasies aangekondig en dit het die weg gebaan vir veelpartygesprekke.
- Hierdie samesprekings het uiteindelik gelei tot demokratiese verkiesings wat in 1994 gehou is.
- Enige ander relevante antwoord.

SLOT

Kandidate moet hulle argument saamvat met 'n relevante gevolgtrekking.

(50)

GROOTTOTAAL: [150]